IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.666/2006

DATUM: 8 FEBRUARIE 2008

In die saak tussen:

NICOLAAS PETRUS KOTZE Applikant

en

DIE STAAT Respondent

---

# U I T S P R A A K

LOUW, R:

Die appellant in hierdie aansoek vir verlof om te appelleer is in die streekhof op vier aanklagte van die onwettige handel in diamante skuldig bevind. Hy is 'n vonnis op elke aanklag opgelê en hy het met verlof van die streekhof na hierdie Hof geappelleer slegs teen sy skuldigbevindings. Hierdie Hof het die appèl afgewys en die skuldigbevindings bekragtig. Die

applikant doen nou aansoek om verlof om na die Hoogste Hof van Appèl te appelleer teen slegs sy skuldigbevindings.

Hierdie aansoek word deur die Staat teengestaan.

Die enigste geskilpunt by die verhoor en ook op appèl na hierdie Hof was die vraag of die getuienis van die staatsgetuie Terblanche ingevolge die bepalings van artikel 252A van Wet 51 van 1977 by die verhoor toegelaat moes gewees het. Die verhoorhof het bevind dat daardie getuienis toelaatbaar is en daardie bevinding is deur hierdie Hof op appèl bevestig.

Die vraag is nou of daar 'n redelike vooruitsig is dat 'n ander Hof, in hierdie geval die Hoogste Hof van Appèl, tot 'n ander gevolgtrekking kan kom ten opsigte van die toelaatbaarheid van Terblanche se getuienis.

Mnr Murray het in besonderhede in sy argument die gronde waarop hy betoog dat daar 'n basis is vir 'n ander bevinding deur 'n ander Hof uiteengesit.

Na oorweging van sy argument, is ek van mening dat daar wel 'n redelike vooruitsig is dat 'n ander hof tot 'n ander gevolgtrekking kan kom en dit volg dat daar dus verlof verleen

moet word om te appelleer teen die skuldigbevindings na die Hoogste Hof van Appèl.

<u>SALDANHA, WnR</u>: Ek stem saam.

..................................................

SALDANHA, WnR

<u>LOUW, R</u>: Verlof tot appèl word gevolglik toegestaan na die Hoogste Hof van Appèl om te appelleer teen die skuldigbevindings van die applikant.

..................................................

LOUW, R

/im